METERS**

(1) Vir spesiale meteraflesings op versoek van 'n verbruiker, per aflesing: R2

(2) Vir die toets van 'n meter: R15

5. DIVERSE GELDE

Vir alle werk ten opsigte van die water-toevoerstelsel wat op versoek van 'n verbruiker deur die Raad gelewer is: Teen koste van die materiaal plus arbeid en toesig.

6. REKENINGE

Alle rekeninge vir die lewering van water is verskuldig en betaalbaar by die kantoor van die Tesourier aan die einde van elke maand, maar in elk geval nie later nie as die 15de dag van die maand wat volg op die maand waarin water verbruik is.

7. DEPOSITO'S

Minimum deposito betaalbaar ingevolge artikel 12(1)(a) van die Raad se Watervoorsieningsverordeninge: R30: Met dien verstande dat deposito's van bestaande verbruikers nie verhoog word nie.

8. GESKILLE

In geval van enige geskil of strydpunt wat betref die vertolking van enige deel van hierdie tarief of enige wysiging daarvan of met betrekking tot enige ander saak wat ook al wat daaruit ontstaan, is die beslissing van die Raad daarop finaal en bindend vir alle partye betrokke in die geskil of strydpunt.

O J S OLIVIER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 50
Hartbeesfontein
2600
1 Augustus 1984

1046-1

WATER VERBRUIK

| | Tot en met 50 k/l | Bo 50 k/l tot en met 100 k/l | Bo 100 k/l |
|--------------------------------|---|------------------------------|------------|
| | (a) Vaste heffing of water verbruik word of nie | R 3 | R 3 |
| (b) Verbruikersheffing per k/l | 20c | 19c | 18c |

**CITY COUNCIL OF GERMISTON
AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING
TO THE SUPPLY OF INFORMATION**

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the City Council of Germiston proposes to further amend the By-laws Relating to the Supply of Information published under Administrator's Notice 844 dated 6 July 1977, as amended.

The general purport of the amendments is to provide for the levy of charges for the issue of reproductions of plans and documents.

Copies of the proposed amendments will lie for inspection during office hours in Room 115, Municipal Offices, President Street, Germiston, as from the date of publication hereof in the Provincial Gazette to wit 1 August 1984 to 15 August 1984.

Any person who desires to record his objection to the proposed amendments must do so in writing to the undersigned within 14 (fourteen) days after the publication hereof in the Provincial Gazette to wit from 1 August 1984 to 15 August 1984.

J A DU PLESSIS
Town Clerk

Municipal Offices
President Street
Germiston
1 August 1984
Notice No 110/1984

GERMISTON STADSRAAD

**WYSIGING VAN VERORDENINGE IN-
SAKE DIE VERSKAFFING VAN INLIG-
TING**

Ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hiermee kennis gegee dat die Stadsraad van Germiston van voorneme is om die Verordeninge Insaake die Verskaffing van Inligting afgekondig by Administrateurskennisgewing 844 van 6 Junie 1977, soos gewysig, verder te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om voorsiening te maak vir die heffing van gelde vir die uitreiking van afdrukke van planne en dokumente.

'n Afskrif van die voorgestelde wysiging lê gedurende kantoorure ter insae in Kamer 115, Munisipale Kantore, Presidentstraat, Germiston vanaf datum van publikasie hiervan in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal te wete vanaf 1 Augustus 1984 tot 15 Augustus 1984.

Enige persoon wat teen die beoogde wysiging beswaar wil aanteken moet dit skriftelik doen binne 14 (veertien) dae na datum van publikasie hiervan in die Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal te wete vanaf 1 Augustus 1984 tot 15 Augustus 1984 by die ondergetekende.

J A DU PLESSIS
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Presidentstraat
Germiston
1 Augustus 1984
Kennisgewing No 110/1984

1044—1

LOCAL AUTHORITY OF GERMISTON

**NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO
PROVISIONAL SUPPLEMENTARY
VALUATION ROLL**

Notice is hereby given in terms of section 36 of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977) that the provisional

supplementary valuation roll for the financial years 1983/1984 is open for inspection at the office of the local authority of Germiston from 1 August 1984 to 7 September 1984 and any owner of property or other person who so desires to lodge an objection with the Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional supplementary valuation roll as contemplated in section 34 of the said Ordinance including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

J A DU PLESSIS
Town Clerk

Address of office of local authority:
The City Valuer
7th Floor
Samie Building
cor Queen and Spilsbury Streets
Germiston

Municipal Offices
Germiston
1 August 1984
Notice No 109/1984

PLAASLIKE BESTUUR VAN GERMISTON

**KENNISGEWING WAT BESWARE TEEN
DIE VOORLOPIGE AANVULLENDE
WAARDERINGSLYS AANVRA**

Kennis word hierby ingeolge artikel 36 van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Bestuur, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die voorlopige aanvullende waarderingslys vir die boekjaar 1983/1984 oop is vir inspeksie by die kantoor van die plaaslike bestuur van Germiston vanaf 1 Augustus 1984 tot 7 September 1984 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige aanvullende waarderingslys opgeteken, soos in artikel 34 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

J A DU PLESSIS
Stadsklerk

Adres van kantoor van plaaslike bestuur:
Die Stadswaardeerder
7de Vloer
Samiegebou
h/v Queen- en Spilsburystraat
Germiston

Stadskantore
Germiston
1 Augustus 1984
Kennisgewing No 109/1984

1045—1—8

**HARTBEEFONTEIN VILLAGE COUNCIL
DETERMINATION OF CHARGES FOR
ELECTRICITY SUPPLY**

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Hartbeesfontein Village Council has, by special resolution, determined the charges for electricity supply as set out below, with effect from 1 February 1984.

TARIFF OF CHARGES

1. BASIC CHARGES

A basic charge of R5,50 shall be levied per month or part thereof per erf, stand, lot or other area, with or without improvements, which is or, in the opinion of the Council, can be connected to the supply main, whether electricity is consumed or not: Provided that where any stand, erf, lot or other area is occupied by more than one consumer to whom the Council supplies electricity, a basic charge of R5,50 per month or part thereof shall be levied in respect of each such consumer.

2. DOMESTIC CONSUMERS

(1) This tariff shall be applicable in respect of electricity supplied or made available to the following:

- (a) Private Dwellings
- (b) Hostels
- (c) Churches
- (d) Flats
- (e) Boarding-houses or Private Hotels
- (f) Schools
- (g) Amateur Sporting Clubs
- (h) Unlicensed Clubs
- (i) Charitable Institutions
- (j) Nursing or Maternity Homes

(2) The following charges shall be payable per month or part thereof: Consumption charge per kW.h: 6,0c.

3. BUSINESS CONSUMERS

(1) This tariff shall be applicable in respect of electricity supplied or made available to the following:

- (a) Restaurants or Cafés
- (b) Fish Shops
- (c) Tearooms
- (d) Shops
- (e) Licensed Hotels
- (f) Butcheries
- (g) Banks
- (h) Garages or Filling Stations
- (i) Undertakers
- (j) Cobblers

(k) Any other consumer not provided for under any other item of this schedule.

(2) The following charges shall be payable, per month or part thereof:

- (a) A fixed charge, whether electricity is consumed or not, per connection point: R8
- (b) Consumption charge, per kW.h: 6,0c.

4. GRAIN ELEVATORS AND OTHER CONSUMERS PROVIDED WITH A MAXIMUM DEMAND METER

The following charges shall be payable, per month or part thereof:

(1) Demand charge, whether electricity is consumed or not, per kW of half hourly maximum demand: R11,30 subject to a minimum demand of —

- (a) in the case of grain elevators: R50; and
- (b) in the case of any other consumer: R15.

2. Consumption charge, per kW.h: 2,0c.

GENERAL CHARGES

5. MOTORS INSTALLED FOR PUMPING OF WATER FOR DOMESTIC USE

If electricity consumed by motors used for the pumping of water for domestic use is metered separately, the number of kW.h thus consumed per month or part thereof, shall be added to the number of kW.h consumed classified under items 2 and 3.

6. CONSUMERS OUTSIDE THE MUNICIPALITY

The following charges shall be payable, per month or part thereof:

(1) Service charge, whether electricity is consumed or not: R4

(2) The applicable charges payable in terms of items 1 and 3

(3) A surcharge of 10 % on the charges payable in terms of subitems (1) and (2).

7. SPECIAL METER READINGS

For special meter readings at the request of a consumer, per reading: R2

8. RECONNECTIONS

For the reconnection of the supply after disconnection on account of a breach of any provisions of these by-laws: R5

9. SERVICE CONNECTIONS

(1) The charges payable for each connection of a consumer's premises shall be the actual cost of all material and labour used for such connection, plus a surcharge of 15 % on such amount

(2) For the connection of the supply at the request of a consumer: R2

10. TESTING OF METERS

For the special testing of a meter at the request of a consumer, provided nothing is found to be out of order:

- (1) Single-phase meter: R15
- (2) Two- or three-phase meter: R15
- (3) Maximum-demand meter: R80

11. TESTING OF INSTALLATIONS

Where additional tests are required as a result of defects found in the installation during the first free test, a charge of R5 shall be payable for each such additional test.

12. DEPOSITS

Minimum deposit payable in terms of section 6(1)(a) of the Council's Electricity By-

laws: R50: Provided that the deposits of existing consumers shall not be increased.

O J S OLIVIER
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 50
Hartbeesfontein
1 Augustus 1984
Notice No 7/1984

DORPSRAAD VAN HARTBEEFONTEIN

VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE VOORSIENING VAN ELEKTRISITEIT

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Dorpsraad van Hartbeesfontein, by spesiale besluit, die gelde vir die voorsiening van elektrisiteit soos hieronder uiteengesit, met ingang 1 Februarie 1984, vasgestel het.

TARIEF VAN GELDE

1. BASIESE HEFFING

'n Basiese heffing van R5,50 word gehê per maand of gedeelte daarvan per erf, standplaas, perseel of ander terrein, met of sonder verbeterings, wat by die hooftoevoerleiding aangesluit is of, na die mening van die Raad, daarby aangesluit kan word, of elektrisiteit verbruik word al dan nie: Met dien verstande dat waar enige erf, standplaas, perseel of ander terrein geokkupeer word deur meer as een verbruiker aan wie die Raad elektrisiteit lewer, 'n basiese heffing van R5,50 per maand of gedeelte daarvan ten opsigte van elke sodanige verbruiker gehê word.

2. HUISHOUDELIKE VERBRUIKERS

(1) Hierdie tarief is van toepassing ten opsigte van elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan die volgende:

- (a) Private Woonhuise
- (b) Koshuise
- (c) Kerke
- (d) Woonstelle
- (e) Losieshuise of Private Hotelle
- (f) Skole
- (g) Amateursportklubs
- (h) Ongelisensieerde Klubs
- (i) Liefdadigheidsinrigtings
- (j) Verpleeg- of Kraaminrigtings

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand, of gedeelte daarvan: Verbruiksheffing, per kW.h: 6,0c.

3. BESIGHEIDSVERBRUIKERS

(1) Hierdie tarief is van toepassing ten opsigte van elektrisiteit gelewer of beskikbaar gestel aan die volgende:

- (a) Restaurante of Kafees
- (b) Viswinkels
- (c) Teekamers
- (d) Winkels
- (e) Gelisensieerde Hotelle
- (f) Slaghuisse
- (g) Banke

(h) Motorhawens of Vulstasies

(i) Begrafnisondernemers

(j) Skoenmakers

(k) Enige ander verbruiker waarvoor geen voorsiening in enige ander item gemaak is nie.

(2) Die volgende gelde is betaalbaar, per maand, of gedeelte daarvan:

(a) 'n Vaste heffing, of elektrisiteit verbruik word of nie, per aansluitingspunt: R8

(b) Verbruikersheffing, per kW.h: 6,0c.

4. GRAANSUIERS EN ANDER VERBRUIKERS WAT VAN MAKSIMUM AANVRAAGMETERS VOORSIEN IS

Die volgende gelde is betaalbaar, per maand, of gedeelte daarvan:

(1) Aanvraagheffing, of elektrisiteit verbruik word of nie, per kW van halfuurlikse maksimum aanvraag: R11,30 onderworpe aan 'n minimum heffing van—

(a) in die geval van graansuiers: R50; en

(b) in die geval van enige ander verbruiker: R15.

(2) Verbruiksheffing, per kW.h: 2,0c.

ALGEMENE VORDERINGS

5. MOTORE VIR DIE POMP VAN WATER VIR HUISHOUDELIKE GEBRUIK

Indien elektrisiteit verbruik deur motore wat vir die pomp van water vir huishoudelike gebruik afsonderlik gemeet word, word die aantal kW.h aldus per maand of gedeelte daarvan verbruik, bygevoeg by die aantal kW.h wat gedurende dieselfde maand deur verbruikers ingedeel onder items 2 en 3 verbruik is.

6. VERBRUIKERS BUIE DIE MUNISIPALITEIT

Die volgende gelde is betaalbaar, per maand, of gedeelte daarvan:

(1) Diensheffing, of elektrisiteit verbruik word of nie: R4

(2) Die toepaslike gelde betaalbaar ingevolge items 2 en 3

(3) 'n Toeslag van 10 % op die gelde betaalbaar ingevolge subitem (1) en (2).

7. SPESIALE METERAFLESINGS

Vir spesiale meteraflesings op versoek van 'n verbruiker, per aflesing: R2

8. HERAANSLUITINGS

Vir die heraansluiting van die toevoer na afsluiting weens oortreding van enige bepaling van hierdie verordeninge: R5

9. DIENSAANSLUITINGS

(1) Die gelde betaalbaar vir enige aansluiting van 'n verbruiker se perseel bedra die werklike koste van alle materiaal en arbeid wat vir sodanige aansluiting gebruik word, plus 'n toeslag van 15 % op sodanige bedrag

(2) Vir die aansluiting van die toevoer op versoek van 'n nuwe verbruiker: R2

10. TOETS VAN METERS

Vir die spesiale toets van 'n meter op versoek van 'n verbruiker mits niks verkeerd gevind word nie:

(1) Enkefasige meter: R15

(2) Twee- of driefasige meter: R25

(3) Maksimum aanvraagmeter: R80

11. TOETS VAN INSTALLASIES

Waar bykomende toetse nodig is as gevolg van gebreke wat aan die installasie by geleentheid van die eerste gratis toets gevind word, is 'n vordering van R5 betaalbaar vir elke sodanige bykomende toets.

12. DEPOSITO'S

Minimum deposito betaalbaar ingevolge artikel 6(1)(a) van die Raad se elektrisiteitsverordeninge: R50: Met dien verstande dat deposito's van bestaande verbruikers nie verhoog word nie.

O J S OLIVIER
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Posbus 50
Hartbeesfontein
1 Augustus 1984
Kenningsgewing No 7/1984

1047-1

HENDRINA VILLAGE COUNCIL

ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS AND AMENDMENT OF BY-LAWS AND CHARGES

(1) Notice is hereby given in terms of the provisions of section 96 of the Local Government Ordinance, No 17 of 1939, that the Hendrina Village Council is of the intention to adopt the following:

(a) The Standard By-laws relating to Fire Brigade Services as promulgated by Administrator's Notice 1771 dated 23 December 1981.

(b) Tariff of Charges in respect of Fire Brigade Services.

(2) It is further hereby notified in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, that the Village Council of Hendrina has by Special Resolution, amended the charges in respect of the following with effect from 1 July 1984:—

- (a) Supply of Water.
- (b) Drainage
- (c) Sanitary and Refuse Removal

The amendments referred to in 2 above make provision for the revocation, increasing and additions to the existing tariffs.

Copies of the amendments to the by-laws and charges as well as the resolutions of the Village Council are open for inspection at the office of the Town Clerk, Municipal Offices, Hendrina for a period of 14 days as from date of this notice.

Any person who wishes to object against the proposed adoption and/or the amendment of by-laws and charges must lodge his objection in writing with the undersigned within 14 days as from date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J G A DU PREEZ
Town Clerk

Municipal Offices
Hendrina
1 August 1984

DORPSRAAD VAN HENDRINA

AANNAME VAN VERORDENINGE EN WYSIGING VAN VERORDENINGE EN TARIEF VAN GELDE

1. Kennis geskied hiermee ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, No 17 van 1939, dat die Dorpsraad van Hendrina voorneme het om die volgende aan te neem:

(a) Die Standaardverordeninge betreffende Brandweerdienste afgekondig by Administrateurskenningsgewing No 1771 gedateer 23 Desember 1981.

(b) Tarief van Gelde met betrekking tot Brandweerdienste.

2. Kennis geskied hiermee voorts ingevolge artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, dat die Dorpsraad van Hendrina by spesiale besluit die tarief van gelde met ingang van 1 Julie 1984 ten opsigte van die volgende dienste gewysig het:

- (a) Watervoorsiening
- (b) Riolering
- (c) Saniteit en Vullisverwydering

Die wysigings waarna in 2 hierbo verwys word maak voorsiening vir die herroeping, verhoging en byvoegings tot die bestaande tariewe.

Afskrifte van die wysigings tot die verordeninge en tariewe tesame met die besluit van die Dorpsraad van Hendrina lê ter insae by die Kantoor van die Stadsklerk vir 'n tydperk van 14 dae vanaf datum van hierdie kennisgewing.

Enige persoon wie beswaar teen die voorgestelde aanname en/of wysiging tot die verordeninge of tariewe wil maak moet sy beswaar skriftelik indien binne 14 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant.

J G A DU PREEZ
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Hendrina
1 Augustus 1984

1048-1

CITY OF JOHANNESBURG

AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL

It is hereby notified in terms of section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Council intends to amend the By-laws relating to Licences and Business Control published under Administrator's Notice 1034 dated 4 August 1982 as amended.

The general purport of the amendment is to allocate a site for the sale of fruit in Von Wielligh Street (western side) between Wemmer-Jubilee Road and Grahamston Street, in place of the previous site which was situated in Wemmer-Jubilee Road (northern side) between Rosettenville Road and Mooi Street South.

Copies of the proposed amendment to the by-law are open for inspection during office hours at Room S215, Civic Centre, Braamfontein, Johannesburg, for a period of fourteen days from the date of publication hereof in the Provincial Gazette, i.e. from 1 August 1984.

Any person who desires to record his objection to such amendment shall do so in writing to the undermentioned within fourteen days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

H H S VENTER
Town Clerk

PO Box 1049
Johannesburg
2000
1 August 1984

STAD JOHANNESBURG

WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISENSIES EN DIE BEHEER OOR BESIGHEDE

Hiermee word ingevolge artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, kennis

gegee dat die Raad voornemens is om die Verordeninge betreffende Lisensies en die Beheer oor Besighede, gepubliseer by Administrateurskenningsgewing 1034 van 4 Augustus 1982, soos gewysig, te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om 'n terrein vir die verkoop van vrugte in Von Wiellighstraat (westekant) tussen Wemmer-Jubileeweg en Grahamstonstraat toe te wys in die plek van die vorige terrein wat in Wemmer-Jubileeweg (noordekant) tussen Rosettenvilleweg en Mooistraat-Suid geleë was.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging van die Verordeninge lê vir 'n tydperk van veertien dae vanaf die datum van publikasie hiervan in die Provinsiale Koerant, dit wil sê vanaf 1 Augustus 1984, gedurende kantoorure in kamer S215, Burgersentrum, Braamfontein, Johannesburg, ter insae.

Enigiemand wat teen sodanige wysiging beswaar wil opper moet dit binne veertien dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant skriftelik by die ondergenoemde doen.

H H S VENTER
Stadsklerk

Posbus 1049
Johannesburg
2000
1 Augustus 1984

1049-1

TOWN COUNCIL OF KEMPTON PARK

DETERMINATION OF CHARGES FOR PARKING OF MOTOR VEHICLES ON ERF 2779, KEMPTON PARK TOWNSHIP

It is hereby notified in terms of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 17 of 1939, as amended, that the Council has determined the following tariffs of fees for entrance to and parking of motor vehicles on Erf 2779, Kempton Park Township with effect from 1 August, 1984:—

10 cent per half hour up to and including 1 hour; thereafter 20 cent per half hour up to and including 4 hours; thereafter 50 cent per half hour.

Q W VAN DER WALT
Town Clerk

Town Hall,
Margaret Avenue,
PO Box 13
Kempton Park
1 August 1984
Notice No 41/1984

STADSRAAD VAN KEMPTONPARK

VASSTELLING VAN GELDE VIR PARKERING VAN MOTORVOERTUIG OP ERF 2779, DORP KEMPTONPARK

Daar word hierby ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 17 van 1939, soos gewysig, bekend gemaak dat die Raad die volgende tariewe van gelde vir toegang tot en parkering van motorvoertuie op Erf 2779, dorp Kempton Park met ingang van 1 Augustus 1984 vasgestel het:—

10 sent per halfuur tot en met 1 uur; daarna 20 sent per halfuur tot en met 4 ure; daarna 50 sent per halfuur.

Q W VAN DER WALT
Stadsklerk

Stadhuis,
Margaretlaan,
Posbus 13
Kemptonpark
1 Augustus 1984
Kenningsgewing No 41/1984

1050-1

TOWN COUNCIL OF LEEUDORINGSTAD

NOTICE OF GENERAL RATE AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1984 TO 30 JUNE 1985

Notice is hereby given that in terms of section 26 (2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), the following rate has been levied in respect of the abovementioned financial year on rateable property recorded in the valuation roll;

(a) On the site value of any land or right in land; three cent (3c) in the Rand (R1); and

(b) subject to the approval of the Administrator in terms of section 21 (3) of the Local authorities Rating Ordinance, No 11 of 1977, and additional rate of two cent (2c) in the Rand (R1) on the site value of any land or right in land; and in addition on the value of the improvements on such land or pertaining to such right in land 0,3c in the Rand (R1).

The amount due for assessment rates as set out in section 27 of the said Ordinance is payable in ten (10) equal instalments on or before the twelfth day of August 1984, up to May 1985.

Interest of 8 % per annum is chargeable on all amounts in arrear on the fixed day.

J F EVERSON
for Town Clerk

Municipal Offices
Leeudoringstad
1 August 1984

DORPSRAAD VAN LEEUDORINGSTAD

KENNISGEWING VAN ALGEMENE EIENDOMSBELASTING EN VASGESTELDE DAG VIR BETALING TEN OPSIGTE VAN DIE BOEKJAAR 1 JULIE 1984 TOT 30 JUNIE 1985

Kennis word hierby gegee dat ingevolge artikel 26(2) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), die volgende algemene eiendomsbelasting ten opsigte van bogenoemde boekjaar gehê is op belasbare eiendom in die waarderingslys opgeteken:

(a) Op die terreinwaarde van enige grond of reg in grond: drie sent (3c) in die Rand (R1); en

(b) onderhewig aan die goedkeuring van die Administrateur ingevolge artikel 21(3) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, No 11 van 1977, 'n verdere belasting van twee sent (2c) in die Rand (R1) op die terreinwaarde van enige grond of reg vir grond; en daarbenewens op die waarde van die verbeterings op sodanige grond of behorende by sodanige reg in grond 0,3c in die Rand (R1)

Die bedrag verskuldig vir eiendomsbelasting soos in artikel 27 van genoemde Ordonnansie beoog is in tien (10) gelyke maandelikse paaie mente betaalbaar, voor of op die twaalfde dag van Augustus 1984 tot Mei 1985. Rente teen agt persent (8 %) per jaar is op alle agterstallige bedrae na die vasgestelde dag hefbaar.

J F EVERSON
vir Stadsclerk

Munisipale Kantore
Leeudoringstad
1 Augustus 1984

1051-1

TOWN COUNCIL OF LYDENBURG

DETERMINATION OF CHARGES

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939 (Ordinance 17 of 1939) it is hereby notified that the Town Council of Lydenburg has by special resolution amended the tariff of charges for Admission to the Swimming Bath, published in Official Gazette 4098 of 13 August 1980 with effect from 1 February 1984 as follows:

SCHEDULE

Charges for admission: Swimming-bath

ANNEXURE

1. By the insertion of the following sub-item after item (5)(b):

(c) Persons over the age of 60 years: Free

J M A DE BEER
Town Clerk

Municipal Offices
Lydenburg
1 August 1984
Notice No 28/1984

STADSRAAD VAN LYDENBURG

VASSTELLING VAN GELDE

Ingevolge artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939 (Ordonnansie 17 van 1939) word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Lydenburg by spesiale besluit die tarief van gelde vir Toegang tot die Swembad, gepubliseer in Offisiële Koerant 4098 van 13 Augustus 1980, met ingang van 1 Februarie 1984 soos volg gewysig het:

AANHANGSEL

Toegangsgelde: Swembad

BYLAE

1. Deur die volgende subitem na item (5)(b) in te voeg:

(c) Persone bo die ouderdom van 60 jaar: gratis.

J M A DE BEER
Stadsclerk

Munisipale Kantore
Lydenburg
1 Augustus 1984
Kennisgewing No 28/1984

1052-1

TOWN COUNCIL OF LYDENBURG

AMENDMENT TO STANDARD BUILDING BY-LAWS

It is hereby notified in terms of Section 96 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Lydenburg intends to amend its Standard Building By-Laws.

The general purport of this amendment is to make provision for the erection of banners in town.

Copies of the proposed amendment of the By-Laws are open for inspection at the office of the Town Clerk for a period of fourteen (14) days from the date of publication hereof.

Any person who desires to lodge any objection against the proposed amendment, shall do so in writing to the Town Clerk within fourteen

(14) days after the date of publication of this notice in the Provincial Gazette.

J M A DE BEER
Town Clerk

PO Box 61
Lydenburg
1 August 1984
Notice No 30/1984

STADSRAAD VAN LYDENBURG

WYSIGING VAN STANDAARD BOUVERORDENINGE

Daar word hierby ingevolge die bepalings van artikel 96 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, bekend gemaak dat die Stadsraad van Lydenburg van voorneme is om sy Standaard Bouverordeninge te wysig.

Die algemene strekking van die wysiging is om voorsiening te maak vir die aanbring van baniere in die dorp.

Afskrifte van die voorgestelde wysiging van die Verordeninge lê ter insae by die kantoor van die Stadsclerk vir 'n tydperk van veertien (14) dae vanaf datum van publikasie hiervan.

Enige persoon wat beswaar teen die voorgestelde wysiging wens aan te teken, moet dit skriftelik by die Stadsclerk binne veertien (14) dae na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing in die Provinsiale Koerant doen.

J M A DE BEER
Stadsclerk

Posbus 61
Lydenburg
1 Augustus 1984
Kennisgewing No 30/1984

1053-1

TOWN COUNCIL OF LYDENBURG

DETERMINATION OF CHARGES

It is hereby notified in terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Lydenburg has by Special Resolution amended the Tariff of Charges For The Hire of Halls and Equipment, published in Official Gazette 4180 of 17 December 1981 with effect from 1 February 1984, as follows;

1. In Part I

(a) By substituting the following for item (15):

"(15) Rehearsals and preparing of the hall on:

(a) the same day the event is to take place: R10,00.

(b) the previous day or evening: the same tariff payable for the purpose for which the hall has been reserved."

2. In Part II

By substituting the following for item (6):

"(6) Rehearsals and preparation of the hall on:

(a) the same day the event is to take place: R10

(b) the previous day or evening: the same tariff payable for the purpose for which the hall has been reserved.

3. In Part III

By the deletion of item 1 (a)(xv)

4. By substituting the following for Part V:
Part V

Levy and Payment of Charges

All charges and deposits are payable in advance.

J M A DE BEER
Town Clerk

PO Box 61
Lydenburg
1 August 1984
Notice No 29/1984

STADSRAAD VAN LYDENBURG
VASSTELLING VAN GELDE

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Lydenburg die Tarief van Gelde vir die Huur van Sale en Toerusting, afgekondig by Offisiële Koerant 4180 van 17 Desember 1981 by Spesiale Besluit met ingang 1 Februarie 1984 as volg gewysig het;

1. In Deel I

(a) Deur die vervanging van item (15) deur die volgende:

"(15) Repetisies en voorbereiding van saal op:

(a) dieselfde dag as wat die gebeurtenis plaasvind: R10,00.

(b) die vorige dag of aand: dieselfde tarief betaalbaar as waarvoor die saal gereserveer is."

2. In Deel II

Deur die vervanging van item (6) deur die volgende:

"(6). Repetisies en voorbereiding van saal op:

(a) dieselfde dag as wat die gebeurtenis plaasvind: R10,00

(b) die vorige dag of aand: dieselfde tarief betaalbaar as waarvoor die saal gereserveer is."

3. In Deel III

Deur die skraping van item 1(a)(xv).

4. Deur Deel V deur die volgende te vervang:

Deel V

Heffing en Betaling van Gelde

Alle gelde en depositos is vooruitbetaalbaar.

J M A DE BEER
Stadsklerk

Posbus 61
Lydenburg
1 Augustus 1984
Kennisgewing No 29/1984

1054-1

MEYERTON TOWN COUNCIL

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR WATER SUPPLY

In terms of the Provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Meyerton Town Council, has by special resolution amended the determination of charges for water supply, published in Provincial Gazette 4240, dated 29 December 1982, with effect from 2 April 1984 by the substitution for subitems (1), (2) and (3) of item 2 of the following:

"(1) Any consumer, per meter, except as provided in subitem (2): any quantity, per kl: 52c

(2) Industrial purposes, per meter:

(a) 0 — 10 000 kl, per kl: 52c

(b) thereafter, per kl: 37c

(3) Water emergency state:

When a state of water emergency exists, the Council may decide that the following tariff shall apply from a fixed date, for water consumed since the previous meter reading:

The tariff as provided in item 2(1) plus the following charge on consumption:

(a) more than 30 kl up to and including 40 kl: a surcharge of 25 %.

(b) thereafter, up to and including 50 kl: a surcharge of 50 %.

(c) thereafter, up to and including 60 kl: a surcharge of 100 %.

(d) thereafter: a surcharge of 400 %.

A D NORVAL
Town Clerk

Municipal Offices
Meyerton
1 August 1984

STADSRAAD VAN MEYERTON

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR WATERVOORSIENING

Ingevolge die bepaling van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Meyerton, die vasstelling van gelde vir watervoorsiening, gepubliseer in Provinsiale Koerant 4240 van 29 Desember 1982 met ingang 2 April 1984 verder gewysig het deur subitems (1), (2) en (3) van item 2 deur die volgende te vervang:

"(1) Enige verbruiker, per meter, uitgesonderd soos in subitem (2) bepaal: enige hoeveelheid, per kl: 52c

(2) Nywerheidsdoeleindes, per meter:

(a) 0 — 10 000 kl, per kl: 52c

(b) daarna, per kl: 37c

(3) Waternoodtoestand

Wanneer daar 'n waternoodtoestand heers, kan die Raad 'n besluit neem dat die volgende tarief vanaf 'n bepaalde datum van toepassing is vir water sedert die vorige meteraflesing verbruik:

Die tarief soos in 2(1) bepaal plus die volgende toeslag vir waterverbruik:

(a) meer as 30 kl per maand tot en met 40 kl: 'n toeslag van 25 %

(b) daarna tot en met 50 kl: 'n toeslag van 50 %

(c) daarna tot en met 60 kl: 'n toeslag van 100 %

(d) daarna: 'n toeslag van 400 %

A D NORVAL
Stadsklerk

Munisipale Kantore
Meyerton
1 Augustus 1984

1055-1

TOWN COUNCIL OF NABOOMSPRUIT
AMENDMENT OF TARIFFS

Notice is hereby given in terms of section 80B(3) of the Local Government Ordinance,

1939 that the Town Council of Naboomspruit intends to amend the tariff for the supply of electricity.

The purport of the amendment is to revise the tariff for consumers outside the municipality according to the mandate of the electricity control board. Copies of the proposed amendment of the tariff are open for inspection at the office of the Town Secretary, Civic Centre, Naboomspruit for a period of 14 days from publication of this notice and any objections must be lodged in writing to the undersigned on or before 15th August 1984

J T POTGIETER
Town Clerk

Civic Centre
Private Bag X340
Naboomspruit
0560
1 August 1984
Notice No 28/1984

STADSRAAD VAN NABOOMSPRUIT
WYSIGING VAN TARIWE

Kennis word hiermee ingevolge die bepaling van artikel 80B(3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, gegee dat die Stadsraad van Naboomspruit voornemens is om die tarief vir die lewering van elektrisiteit te wysig.

Die algemene strekking van die voorgename wysiging is om die tarief vir buiteverbruikers aan te pas ooreenkomstig die lasgewing van die elektrisiteitsbeheerraad. Afskrifte van die voorgename wysiging van die tarief is ter insae by die Kantoor van die Stadsekretaris, Burgersentrum, Naboomspruit vir 'n tydperk van 14 dae vanaf die publikasie van hierdie kennisgewing en enige besware moet voor of op 15 Augustus 1984 skriftelik by die ondergetekende ingedien word.

J T POTGIETER
Stadsklerk

Burgersentrum
Privaatsak X340
Naboomspruit
0560
1 Augustus 1984
Kennisgewing No 28/1984

1056-1

NIGEL TOWN COUNCIL

AMENDMENT TO THE DETERMINATION OF CHARGES FOR THE SUPPLY OF ELECTRICITY

In terms of the provisions of section 80B(8) of the Local Government Ordinance, 1939, it is hereby notified that the Nigel Town Council has, by special resolution, amended the charges for the supply of electricity, published in Official Gazette 4241, dated 5 January 1983, with effect from 1 April 1984, by the insertion after item 2(3)(ii)(bb) of the following:

(cc) Night Tariff

This tariff shall apply to consumers with a maximum demand in excess of 100 kV.A being for the supply provided during the period of eight hours from 22h00 to 06h00 and the kW.h charges payable per month shall be the Escom tariff plus 5 % subject to the following conditions:

(aaa) Written application shall be submitted by a consumer to the engineer of a night tariff.

(bbb) The consumer shall be obliged to accept such limitations as the Council may deem necessary to impose on the amount of his demand or on the nature of his loading.

(ccc) The Council shall be under no liability of any kind for the consequences to a consumer for any limitation which it may impose in exercise of its power under subpoint (bbb).

(ddd) The consumer shall be liable for the estimated costs, as determined by the engineer, for any special metering equipment to be installed for metering the night tariff.

(eee) The Council reserves the right not to approve the application by a consumer for a night tariff if, for any reason, such refusal is deemed to be necessary.

P M WAGENER
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 23
Nigel
1490
1 August 1984
Notice No 41/1984

STADSRAAD VAN NIGEL

WYSIGING VAN VASSTELLING VAN GELDE VIR DIE LEWERING VAN ELEK- TRISITEIT

Ingevolge die bepalings van artikel 80B(8) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekend gemaak dat die Stadsraad van Nigel, by spesiale besluit die gelde vir die lewering van elektrisiteit, gepubliseer in Offisiële Koerant 4241 van 5 Januarie 1983, met ingang 1 April 1984, gewysig het deur na item 2(3)(ii)(bb) die volgende in te voeg:

(cc) Nagtarief

Hierdie tarief sal van toepassing wees op verbruikers met 'n maksimum aanvraag wat 100 kV.A oorskry synde vir toevoer gelewer gedurende die periode van agt ure vanaf 22h00 tot 06h00 en die kW.h tarief betaalbaar sal die Evkom tarief plus 5 % wees onderhewig aan die volgende voorwaardes:

(aaa) 'n Geskrewe aansoek moet deur 'n verbruiker by die ingenieur vir 'n nagtarief ingedien word.

(bbb) Die verbruiker sal verplig wees om sodanige beperkings wat die Raad nodig mag ag om op die hoeveelheid van sy aanvraag of op die aard van sy lading op te lê, te aanvaar.

(ccc) Die Raad sal geen aanspreeklikheid van enige aard hê vir enige gebeurlikheid as gevolg van enige beperking wat hy aan enige verbruiker mag opleë in die uitoefening van sy reg onder subpunt (bbb) nie.

(ddd) Die verbruiker sal aanspreeklik wees vir die beraamde koste, soos bepaal deur die ingenieur, vir enige spesiale metertoerusting wat geïnstalleer moet word vir die meet van die nagtarief.

(eee) Die Raad behou die reg voor om die aansoek van 'n verbruiker vir 'n nagtarief nie goed te keur nie, indien vir enige rede so 'n weiering nodig geag word.

P M WAGENER
Stadsklerek

Munisipale Kantore
Posbus 23
Nigel
1490
1 Augustus 1984
Kenningsgewing No 41/1984

1057-1

LOCAL AUTHORITY OF NELSPRUIT SUPPLEMENTARY VALUATION ROLL FOR THE FINANCIAL YEARS 1981/82

(Regulation 12)

Notice is hereby given in terms of section 16(4) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the supplementary valuation roll for the financial years 1981/82 of all rateable property within the municipality has been certified and signed by the chairman of the valuation board and has, therefore, become fixed and binding upon all persons concerned as contemplated in section 16(3) of that Ordinance.

However, attention is directed to section 17 of the said Ordinance, which provides as follows:

"Right of Appeal against decision of Valuation Board.

17.(1) An objector who has appeared or has been represented before a valuation board, including an objector who has lodged or presented a reply contemplated in section 15(4), may appeal against the decision of such board in respect of which he is an objector within thirty days from the date of the publication in the Provincial Gazette of the notice referred to in section 16(4)(a) or, where the provisions of section 16(5) are applicable, within twenty-one days after the day on which the reasons referred to therein, were forwarded to such objector, by lodging with the secretary of such board a notice of appeal in the manner and in accordance with the procedure prescribed and such secretary shall forward forthwith a copy of such notice of appeal to the valuer and to the local authority concerned.

(2) A local authority which is not an objector may appeal against any decision of a valuation board in the manner contemplated in subsection (1) and any other person who is not an objector but who is directly affected by a decision of a valuation board, may, in like manner, appeal against such decision."

A notice of appeal form may be obtained from the Secretary of the Valuation Board.

H J K MÜLLER
Secretary: Valuation Board

Town Hall
PO Box 45
Nelspruit
1200
1 August 1984
Notice No 55/1984

PLAASLIKE BESTUUR VAN NELSPRUIT AANVULLENDE WAARDERINGSGLYS VIR DIE BOEKJARE 1981/82

(Regulasie 12)

Kennis word hierby ingeolge artikel 16(4)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die aanvullende waarderingsglys vir die boekjare 1981/82 van alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit deur die voorsitter van die waarderingsraad gesertifiseer en geteken is en gevolglik finaal en bindend geword het op alle betrokke persone soos in artikel 16(3) van daardie Ordonnansie beoog.

Die aandag word egter gevestig op artikel 17 van die gemelde Ordonnansie wat soos volg bepaal:

"Reg van Appèl teen beslissing van Waarderingsraad.

17.(1) 'n Beswaarmaker wat voor 'n waarderingsraad verskyn het of teenwoordig was, met inbegrip van 'n beswaarmaker wat 'n antwoord soos in artikel 15(4) beoog, ingedien of voorgelê

het, kan teen die beslissing van sodanige raad ten opsigte waarvan hy beswaarmaker is, binne dertig dae vanaf datum van die publikasie in die Provinsiale Koerant van die kennisgewing in artikel 16(4)(a) genoem of, waar die bepalings van artikel 16(5) van toepassing is, binne een-en-twintig dae na die dag waarop die redes daarin genoem aan sodanige beswaarmaker gestuur is appèl aanteken deur by die sekretaris van sodanige raad 'n kennisgewing van appèl op die wyse soos voorgeskryf en in ooreenstemming met die prosedure soos voorgeskryf, in te dien en sodanige sekretaris stuur onverwyld 'n afskrif van sodanige kennisgewing van appèl aan die waardeerder en aan die betrokke plaaslike bestuur.

(2) 'n Plaaslike bestuur wat nie 'n beswaarmaker is nie kan teen enige beslissing van 'n waarderingsraad appèl aanteken op die wyse in subartikel (1) beoog en enige ander persoon wat nie 'n beswaarmaker is nie, maar wat regstreeks deur 'n beslissing van 'n waarderingsraad geraak word, kan op dergelike wyse teen sodanige beslissing appèl aanteken."

'n Vorm vir kennisgewing van appèl kan van die Sekretaris van die Waarderingsraad verkry word.

H J K MÜLLER
Sekretaris: Waarderingsraad

Stadshuis
Posbus 45
Nelspruit
1200
1 Augustus 1984
Kenningsgewing No 55/1984

1058-1

TOWN COUNCIL OF ORKNEY

LOCAL AUTHORITY OF ORKNEY: NOTICE CALLING FOR OBJECTIONS TO PROVISIONAL VALUATION ROLL

Notice is hereby given in terms of section 12(1)(a) of the Local Authorities Rating Ordinance, 1977 (Ordinance 11 of 1977), that the provisional valuation roll for the financial years 1984/86 is open for inspection at the office of the Local Authority of Orkney from 1 August 1984 to 31 August 1984 and any owner of rateable property or other person who so desires to lodge an objection with the Town Clerk in respect of any matter recorded in the provisional valuation roll, as contemplated in section 10 of the said Ordinance, including the question whether or not such property or portion thereof is subject to the payment of rates, or is exempt therefrom or in respect of any omission of any matter from such roll, shall do so within the said period.

The form prescribed for the lodging of an objection is obtainable at the address indicated below and attention is specifically directed to the fact that no person is entitled to urge any objection before the valuation board unless he has timeously lodged an objection in the prescribed form.

J L MULLER
Town Clerk

Rates Hall
Town Council of Orkney
Civic Centre
Patmore Road
Orkney
2620
1 August 1984
Notice No 34/1984

STADSRAAD VAN ORKNEY

PLAASLIKE BESTUUR VAN ORKNEY: KENNINGSGEWING WAT BESWARE TEEN VOORLOPIGE WAARDERINGSGLYS AANVRA

Kennis word hierby ingeolge artikel 12(1)(a) van die Ordonnansie op Eiendomsbelasting van

Plaaslike Besture, 1977 (Ordonnansie 11 van 1977), gegee dat die voorlopige waarderingslys vir die boekjare 1984/86 oop is vir inspeksie by die kantoor van die Plaaslike Bestuur van Orkney vanaf 1 Augustus 1984 tot 31 Augustus 1984 en enige eienaar van belasbare eiendom of ander persoon wat begerig is om 'n beswaar by die Stadsklerk ten opsigte van enige aangeleentheid in die voorlopige waarderingslys, opgeteken, soos in artikel 10 van die genoemde Ordonnansie beoog, in te dien, insluitende die vraag of sodanige eiendom of 'n gedeelte daarvan onderworpe is aan die betaling van eiendomsbelasting of daarvan vrygestel is, of ten opsigte van enige weglating van enige aangeleentheid uit sodanige lys, doen so binne gemelde tydperk.

Die voorgeskrewe vorm vir die indiening van 'n beswaar is by die adres hieronder aangedui beskikbaar en aandag word spesifiek gevestig op die feit dat geen persoon geregtig is om enige beswaar voor die waarderingsraad te opper tensy hy 'n beswaar op die voorgeskrewe vorm betyds ingedien het nie.

J L MULLER
Stadsklerk

Belastingsaal
Stadsraad van Orkney
Burgersentrum
Patmoreweg
Orkney
2620
1 Augustus 1984
Kennisgewing No 34/1984

1059-1

TOWN COUNCIL OF PHALABORWA

NOTICE OF GENERAL RATES AND OF FIXED DAY FOR PAYMENT IN RESPECT OF FINANCIAL YEAR 1 JULY 1984 TO 30 JUNE 1985

Notice is hereby given that in terms of section 26(2) of the Local Authorities Rating Ordinance, 11 of 1977, the following general rates have been levied in respect of the above financial year on rateable property recorded in the valuation roll or supplementary valuation roll —

a) on the site value of any land or right in land:

i) 3c (three cents) in the Rand in terms of section 21(3)(a) of the said Ordinance;

ii) 3,05c (three comma nil five cents) in the Rand, in terms of section 21(3)(b) of the said Ordinance, subject to the approval of the Administrator:

iii) In terms of section 21(4) of the said Ordinance, a rebate on the general rates levied, of 34 % (thirty-four percent) is granted in respect of all special residential sites (residential 1).

The amount due for rates as contemplated in section 27 of the said Ordinance shall be payable before 31 October 1984.

Interest at 10 % per year is payable on all outstanding amounts at 1 November 1984, and the said interest will be calculated with retrospective effect from 1 July 1984, and defaulters are liable to legal proceedings for recovery of such arrear amounts.

B J VAN DER VYVER
Town Clerk

Municipal Offices
PO Box 67
Phalaborwa
1390
1 August 1984
Notice No 22/1984

STADSRAAD VAN PHALABORWA

